# e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

19 Mei 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 15


## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad


**Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!**

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

# VOORBLAD

## Wat maak ons met die Here se geld?

***Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.*** **(Openbaring 2: 4)**

Op my boekrak is 10 gedenkalbums van verskillende gemeentes van ons Kerk. Ek het ook prof SP Engelbrecht se *Album vir die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* en die *Gedenkalbum 1886-1986* met foto's van al die gemeentes van daardie tydperk. Al hierdie boeke vertel die trotse geskiedenis van gemeentes in die Hervormde Kerk. Hoe ons oor onsself voel en die band wat ons met ons Kerk en gemeentes het, bepaal dikwels hoe ons onsself en gemeentes inrig en waarin ons geld en energie sal stort.

In Handelinge 2: 41-47 word ons vertel hoe dit in die eerste Christelike gemeente was. Onderlinge verbondenheid, alles met mekaar gedeel, volhard in die leer van die apostels, elke dag bymekaargekom en elke dag het die gemeente al meer uitgebrei. Hulle was met die Heilige Gees vervul en het werklik 'n begeerte gehad om deel te wees van die geloofsgemeenskap.

Lidmaatstatistieke is nou weer op die agenda van kerkrade en ook ringsvergaderings. Groot bekommernis bestaan oor die aantal lidmate wat uit ons Kerk verdwyn, en baie energie word gestort in die finansiële oorlewingstryd van gemeentes. Getalle bepaal heffings en heffings verswaar gemeentes se finansiële oorlewing. Studies wys dat die gemiddelde bywoning van eredienste maar 25-50% is. Hieruit kan verder afgelei word dat die meelewing waarskynlik baie swakker as dit sal wees. Ons sal moet erken dat ons baie ver afgedwaal het van wat in Handelinge 2 geskryf is. Die woorde van Openbaring 2: 4 word sterk van toepassing op die kerk (ons Kerk?). *Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.*

In die vroeë 90's het 'n ouderling van Gemeente Kuruman, oom Frans Coetzee, aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gevra wat met die geld gebeur wat lidmate in die sakkie gooi. Iemand in die Kommissie het verward probeer verduidelik dat elke gemeente self daaroor moet besluit. Maar oom Frans het bedoel: Wat maak die Hervormde Kerk met die Here se geld? Sorg hulle vir die bediening van die evangelie of sorg gemeentes en kommissies en rade en predikante net vir hulself? Is ons besig om die Hervormde Kerk in 'n bepaalde dorp, gebied of voorstad te laat voortbestaan, of is ons primêr besig om kerk van Jesus Christus te wees?

Vir sommige is dit moeilik om te aanvaar, maar die Hervormde Kerk is nie die eiendom van die lidmate nie. Dit is wel die kerk van Jesus Christus. Die Hervormde Kerk se identiteit word nie bepaal deur 'n groepie eendersdenkendes in 'n bepaalde dorpie of woonbuurt nie, maar deur Jesus Christus. Die Hervormde Kerk se identiteit is nie die gemeente van 'n bepaalde dorp of voorstad nie, maar Jesus Christus.



As ek so deur al die gedenkalbums blaai, besef ek dat ons besig is om 'n skaduwee te word van die Kerk wat ons 20/30 jaar gelede was. Ek wil pleit dat gemeentes wanneer hulle in hierdie tyd in ringsvergaderings byeenkom, hulself sal afvra wat hul werklike identiteit is en waarop hulle die Here se geld gaan spandeer.

**Ds Marius Bacon**


**Skakels**

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
*Die Hervormer* **www.hervormer.co.za**
*e-Hervormer* **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Frikkie van Wyk

## Beroep ontvang

- **Ds Frikkie van Wyk** van Newcastle na Montana-Oos

## Vakante standplase

- **Gemeente Hartebeeshoek**, geleë in Akasia in die noorde van Pretoria, beskik oor 'n vakante **voltydse standplaas**. Van die gemeente se 670 lidmate is ongeveer 560 belydend. Predikante met tussen 4 en 7 jaar ervaring, met 'n liefde vir jeugwerk en wat gemaklik is om alternatiewe aanddienste te lei waartydens informele prediking en verskillende musiekinstrumente gebruik word, kan aansoek doen. Elke kandidaat moet 'n volledige CV, met 'n kort beskrywing van hom- of haarself, asook 'n bedieningsplan indien; moet bereid wees om 'n oggend- of aanderediens in die gemeente te lei en na die erediens saam met sy/haar gade 'n onderhoud met die beroepskommissie te voer; en moet 'n psigometriese toets by 'n indiensnemingsburo wat deur die kerkraad goedgekeur is, aflê. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Die standplaas is vakant sedert 1 Mei 2011. Predikante kan **tot 19 Mei 2011** aansoek doen. Stuur die dokumentasie soos hierbo beskryf aan Juanita Swart by **jswart@saimes.co.za**. Kontak John Barendrecht by 082 685 6039 vir meer inligting.

- Aansoeke vir die vakante **volsorgstandplaas** van **Gemeente Bothaville** word ingewag. Die versorging is volgens die 5-6-jaar-skaal met reiskoste in ooreenstemming met die Kerk se riglyne. Belangstellende predikante van die Kerk kan hul name en verkorte CV's voor of op **31 Mei 2011** stuur aan die skriba by **doutie@vodamail.co.za**.



Ds Louis Pienaar

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Ons het met leedwese verneem dat **ds Louis Pienaar** op Dinsdag 17 Mei oorlede is. Hy is onlangs gediagnoseer met aggressiewe akute miëloïede leukemie en het intussen chemoterapie in die Little Company of Mary ontvang. Die roudiens is op Maandag 23 Mei om 15:00 in die vergadersaal by Ons Tuis in Soutpansbergweg. Dr Christo van der Merwe sal die diens lei. Ons innige simpatie gaan aan Linda en die res van hul familie.

Ds Paul Jooste

- Emerituspredikant **ds Paul Jooste** is op Saterdag 14 Mei in Unitas-hospitaal opgeneem met bloeding op die brein. Hy word in die hoësorgeenheid behandel. Voorbidding word vir hom, sy vrou Bettie en die familie gevra.

- **Di Adriaan Roets** en **Arnold Viljoen** is steeds siek en word in hospitale behandel. Ons bid hulle algehele herstel toe.

- Die tweeling **di Ferdie en Freddie Nortjé** se ouma is verlede week oorlede en op Vrydag 13 Mei in Stilbaai begrawe. Meelewing word met die families betuig.

- **Die volgende predikante verjaar tot 27 Mei**, en word hartlik geluk gewens.
  - Vrydag 20 Mei: Di Hendrik Odendaal (Rietvallei), Theuns Snyman (emeritus) en dr Piet van Zyl (Ermelo)
  - Saterdag 21 Mei: Ds Johan van Greunen (Vaalwater)
  - Maandag 23 Mei: Ds Carel-Johann de Bruin (Wonderboompoort)
  - Dinsdag 24 Mei: Dr Robert Jones (Kriel)
  - Woensdag 25 Mei: Di Rudi Botha (beroepafwagtend), Johan Koekemoer (Marble Hall) en Danie Taljard (Sionshoogte)
  - Donderdag 26 Mei: Di Jackie Dippenaar (Oos-Moot) en Piet Viljoen (siekte-emeritaat)
  - Vrydag 27 Mei: Ds Piet Steenkamp (Saffierkus)

Mev Annali Venter

- Die Elizabeth C Stijn-medalje word net elke drie jaar toegeken aan 'n onderwyser wat 'n buitengewone bydrae lewer tot die bevordering van Afrikaans in die onderwys sowel as in die gemeenskap. **Mev Annali Venter**, vrou van ds Marius Venter en **sekretaris van die NHSV Hoofbestuur**, is vanjaar die bevoorregte om hierdie 9 karaat goue medalje te ontvang van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die bekroningsplegtigheid vind plaas op 24 Junie by die Universiteit van Noordwes, Potchefstroom-kampus. Ons wens haar hartlik geluk met dié besondere prestasie.

3 geslagte Van Wyk-predikante

- **Prop Wouter van Wyk** en sy vrou word op Sondag 22 Mei deur **Gemeente Verwoerdburg** ontvang. Hy word as predikant georden en in sy amp bevestig deur sy vader, dr Wouter van Wyk, sekretaris van SENTIK. Sy oupa, prof Wouter van Wyk, wat vir baie predikante van die Kerk Hebreeus, Semitiese tale en Ou Testament gedoseer het, sal ook teenwoordig wees. Dr Wim Dreyer sal namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) die Ordeningsakte oorhandig.

Dr Johan Otto

Dr Frans Boshoff

- **Dr Johan Otto** vier op Sondag 22 Mei sy 25-jarige ampsjubileum saam met sy gemeente, **Premiermyn**. Dr Malan Storm, skriba van die Kommissie van die AKV, sal groete en gelukwense aan dr en mev Otto oordra. Dr Otto het voorheen die gemeentes Empangeni en Newlands bedien.

- **Dr Frans Boshoff**, wat reeds aan die einde van Maart emeritaat aanvaar het, neem op Sondag 22 Mei afskeid van **Gemeente Ermelo-Suid**. Ds Dries Beukes, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, sal namens die Kommissie waardering aan die egpaar oordra vir hul werk in die Kerk. Dr Boshoff is georden in Gemeente Umtali en het na 7 jaar die beroep na Ermelo aanvaar. Na die afstigting van Gemeente Ermelo-Suid het hy die beroep na dié gemeente aanvaar, waar hy tot die aanvaarding van emeritaat vanjaar gewerk het. Dr Frans en sy vrou, Theodora, vestig hulle op Ermelo. Hy sal in die ring maar veral by Gemeente Chrissiesmeer help met eredienste en bediening.

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante** (VTT) wat op **7 en 8 Junie** aangebied word, se tema is *Toekoms, Kerk en waagmoed*. Die koste beloop R300 per persoon. Predikante wat die VTT wil bywoon, moet mev Betsie Brits **voor 23 Mei** per e-pos (betsie.brits@up.ac.za) of per faks (012 420 4303) in kennis stel. Die registrasiefooi moet verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito inbetaal word, in die volgende rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nr 020 149 752; kode 63 20 05; verwysing 2013K VTT (gevolg deur die naam van die kursusganger). **Let asseblief daarop dat hierdie VTT nie meer by Gemeente Villieria sal plaasvind nie maar wel by Gemeente Wapadrant. Al hoe meer predikante wil elektronies bydraes maak, en by Wapadrant is voldoende fasiliteite beskikbaar.**

Die kursusgangers word genooi om **op 7 Junie om 18:00** 'n funksie by UP by te woon waartydens die **HTS Feesbundel** aan prof Andries van Aarde oorhandig sal word. **Lina Spies** sal ook 'n lesing lewer, en daar sal 'n vingerete wees. Skakel mev Brits so gou moontlik by 012 420 5393 indien u die funksie wil bywoon.

- **Preekbeurte in Coligny.** Predikante kan by Gemeente Coligny preek en gratis verblyf vir die naweek in 'n toegeruste selfsorgeenheid in 'n veilige kompleks kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gesin. Kontak oudl Oelof Vorster by 084 206 9523 of Jan Jordaan by **jsjordaan@telkomsa.net**.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite-badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op 'n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Germiston**: **Eeufees**
  Kontak ds Johan Ayres by **johanayres@absamail.co.za** vir meer inligting

- **Vrydag 27 tot Sondag 29 Mei: Gemeente Drie Riviere: 50ste verjaardag**
  **Vrydag:** Kuier rondom woonwaens en tente
  **Saterdag:** Basaar
  **Sondag:** Nagmaal
  Kontak ds John Putter by **jdputter@vodamail.co.za** of 016 423 3413
  of mev Santie Rossouw by **nhk3riviere@mwebbiz.co.za** of 016 423 5405

## Toere

- **28 Junie tot 12 Julie: Griekeland (hoofland) en Turkye**
  Geniet 3-dae-bootvaart na Griekse eilande
  Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**

- **25 Julie tot 3 Augustus: Amanzimtoti**
  Gemeente Noordwestelike Pretoria se Goue Oues
  R2 400 per persoon (2 etes per dag)
  Beperkte plekke beskikbaar
  Kontak Sarel Benadé by 012 379 8740 of 082 838 0042

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

## Konserte

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 Junie: Gemeente Van der Hoff (Groblersdal)**
  *Die vallei het talent*

Vrydagaand uitdunne en Saterdagoggend finaal
Kerkterrein, Voortrekkerweg, Groblersdal
Toegang gratis – genoeg te eet en drink!
Kontak Kobus Ehlers by 082 692 9809

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

## Sportbyeenkomste

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort: Gholfdag**
  Mooipoort
  *American Scramble* 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

## Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Philadelphia: Resepteboek: *Philadelphia-Feestafel***
  R150 per eksemplaar
  56 bydraers se 415 uithalerresepte
  Ook afdeling oor Bybelse etes en feeste
  Bestel van Louise Geyser by 012 361 0579, 082 560 4279
  of **louise.geyser@absamail.co.za**

- **Gemeente Alberton-Wes: Bome te koop**
  Koorsbome, soetdoringbome en vaderlandswilgers teen R100 per boom
  Reeds ongeveer 2-3 meter hoog
  Kontak ds William Harmse by 082 493 6715

- **Gemeente Bergsig: Wen naweek by Mount Amanzi Game Lodge**
  Vraag: *Hoe ver vanaf Naboomspruit is die Lodge geleë?*
  Mount Amanzi Game Lodge is 22 km wes van Naboomspruit
  en 175 km noord van Pretoria
  Daar is 15 selfbediening-chalets, ’n trouvenue, swembaddens, ens
  R20 per inskrywing
  **Sluitingsdatum 11 Junie**
  Kontak Marie by 082 402 4170

- **Gemeente Laeveld: Jagkompetisie**
  **1ste prys:** Buffelkoei (volbordpakket – alle kos en drank, voertuie, akkommodasie vir 5 nagte, afslag ingesluit)
  **2de prys:** Leeuwyfie (volbordpakket soos hierbo)
  **3de prys:** Elandkoei (akkommodasie vir 6 persone vir 2 nagte)
  R50 per kaartjie (koop 10 en kry 1 kaartjie gratis)
  **Sluitingsdatum 26 Junie**
  Kontak ds Gerhard Viviers by 073 900 9190 of 015 309 9580

- **Gemeente Roedtan: Roedtan Buffeljagkompetisie**
  **1ste prys:** 4 dae jag op luukse jagplaas vir 10 persone
  1 buffelkoei, 1 blouwildebees, 1 koedoe, 1 blesbok, 2 rooibokramme, 1 rooibokooi (boogjagters welkom)

**2de prys:** Voëljag met akkommodasie vir 10 persone op luukse jagplaas vir ’n naweek
Kaartjie R60, **trekking 31 Julie**
Kontak ds Thys Redlinghuys, 082 416 7724, faks 086 518 9 110, of **jagkompetisie@gmail.com**
Bankbesonderhede: Absa Spaar Takkode 632005, rekening nommer 924 227 4630

- **Gemeente Erasmia: Wen ’n batteryaangedrewe fiets**
  Wen met donasie van R20
  Maksimum spoed 20 km per uur, afstand 20 km, 500 watt
  **Trekking 5 November**
  Kontak Johan Otto by 076 336 5739

## Basaars en markte

- **Vrydag 27 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin: Basaar en Koorfees**
  Van 08:00 tot 20:00
  Begin met ontbyt vanaf 06:00, sluit af met aandete vanaf 18:00
  Koorfees vanaf 13:30, weer onder vaandel van die ATKV
  22 deelnemende kore
  Gebruiklike basaarlekkernye – pannekoek, vetkoek, kerrie-en-rys, poeding, sosaties, hond-op-’n-stok, potbrood, tuisgebak, kleinkoekies en beskuit
  Besighede/skole kan **bestellings** plaas **voor Woensdag 25 Mei**
  Wen  tollie of R5 000 kontant vir slegs R5, trekking tydens basaar
  Kontak Roenie van Zyl by 082 458 1257, dr André Ungerer by 082 940 8201 of kerkkantoor by 018 468 5545

- **Vrydag 27 Mei om 13:00: Gemeente Delmas: TV-basaar**
  Sarel Celliers-straat, Delmas
  Navrae aan Heleen Bekker by 013 665 2679

- **Vrydag 27 en Saterdag 28 Mei: Gemeente Losberg: Basaar**
  Baie te eet, vleis en interessante tierlantyntjies te koop
  Teetuin beskikbaar, en outydse foto’s sal geneem word
  Kinderfotokompetisie
  Saterdagoggend heerlike ontbyt
  Skakel dr Ernest Marran by 082 444 1089

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Lichtenburg: Countryfees**
  Die Campbells – gratis vertoning
  Veiling van waardevolle items en versamelstukke
  Vermaak vir kinders – tombola, glybaan, springkasteel, ens
  Stalletjies met tuisgemaakte items en eetgoed
  **Kompetisie – wen met R20**
  R15 000; vakansie in Margate vir 5; jagpakket in Kalahari; skottelgoedwasser; sweismasjien; verrassingsgeskenk
  Kontak Izak Smit by 082 879 9550 of **i.smit@argosa.co.za**,
  Willie Manders by 018 632 4830 of **williemanders@arestan.co.za**,
  of ds Gerrie Senekal by 082 576 1141, 018 632 2658 of **gcsenekal@nhk.co.za**

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Krugersdorp: Familiefees**
  Met Pieter Koen – kaartjies R45
  Verskeie kos- en kunsstalletjies, aktiwiteite vir jong kinders
  Kontak Ella by 083 728 6325 of **nhkkrugersdorp@zonetech.co.za**

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden om 11:30 en Steve Hofmeyr om 13:00

Gratis vertoning, meer as genoeg kos
Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 28 Mei van 08:00 tot 14:00: Gemeente Benoryn: Gemeentefees**
  70ste verjaardag
  Verskeie stalletjies
  Kontak Annette van der Merwe by 011 849 1179

- **Saterdag 4 Junie: Groot Marico Safarikarnaval**
  Hope organies voorbereide vleis teen groothandelpryse
  Baie kos en handwerkstalletjies
  Koop ’n kaartjie vir R100 en wen dalk ’n 1984 Porsche 944
  Geniet van 09:00 tot laat die sang van Riaan Grobler, Ruan de Waal, Chrizaan, Ursula, Marula Boom, Lee Scott, Jomari en Armand Hofmeyr
  Toegang gratis
  Kontak ds Willem Sauer by 079 699 1237
  Besoek **www.maricosafarikarnaval.co.za**

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen 7-voet Venter-waentjie; dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie; patio-gasbraaier; Sony Playstation 3; of potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367 of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

- **Saterdag 4 Junie: Gemeente Wesmoot: Karnaval**
  By Makro Wonderboom
  Uitstallings van karre, promosies, narre, kunstenaars en springkastele
  Nasionale armdrukkompetisie links en regs (R50 inskrywingsfooi per arm)
  **Wen met R20**
  1ste prys: Koedoe wat jy self kan skiet of laat skiet
  2de prys: Rooibok
  3de prys: Vleispak van R319
  Kontak Marie Swanepoel by 012 379 7898 of 012 379 1955

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit: Geskenkemark**
  Bespreek ’n stalletjie vir die dag
  Kontak Alta Bester by 082 936 5289

# ANDER NUUS

Jurgens Bosch

- Die tweejarige **Jurgens Bosch** van Potgietersrus gaan spoedig heeltemal blind wees weens katarakte. Twee kwotasies by private spesialiste vir die operasie het onderskeidelik R44 000 en R35 000 bedra, nadat albei groot korting gegee het. Jurgens se ouers is nie in staat om die fooie te betaal nie. ’n Fonds is opgerig en R17 700 is reeds ontvang. Baie dankie daarvoor! Lidmate kan nog finansieel bydra tot die operasie wat geskeduleer is vir 25 Mei. R17 300 word nog benodig. Navrae kan by 082 821 6873 gedoen word. Die fonds staan onder beskerming van **To Care**, wat as nie-winsgewende welstandsorganisasie geregistreer is. Hul bankbesonderhede is soos volg:

  **Rekeningnaam:** To Care Foundation (Art 21)
  **ABSA**
  **Rekeningnommer:** 40-7119-9298
  **Takkode:** (Pretoria-Oos) 643156 (vir elektroniese betalings 632005)
  **Swift Code:** ABSA ZA JJ CPT (vir internasionale skenkings)
  **Belangrik:** Verwysing by elke inbetaling *Bosch*

- Die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** **van 2011** is nou beskikbaar teen **R50** per eksemplaar – dus halfprys! Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of **sentik@nhk.co.za**. Posgeld sal bygevoeg word.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 27 Mei plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 20 Mei: Predikantepensioenfonds; Personeelpensioenfonds
  - Woensdag 25 Mei: Taakspan; Finkom van Die Ondersteuningsraad
  - Donderdag 26 Mei: Bestuursvergadering van Die Ondersteuningsraad
  - Vrydag 27 Mei: Raad van Finansies

# KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Baie dankie vir dr Kloppers se voorbladartikel. Ek het jare gestoei met die gelykenis van *die verlore seun*, vraende wat van daarna? Toe dit tot my begin deurskemer dat die gelykenis meer oor die Pa gaan (ons Pa), het ek berusting gevind en begin verstaan. Doen asseblief 'n opvolg oor die *Pa* van die gelykenis, om die strydendes (broers in die Kerk) te kry om te verstaan wat hul Pa (Jesus as hoof van die kerk) se wagtende rol hierin is en dat Hy genadiglik vir albei broers sal bly wag. Hoop almal vind berusting en kom tot inkeer."

**Slegs e-posadres beskikbaar**

"Ek wil 'n klip in die bos gooi oor finansies. Die kerkraad moet veral toesig hou oor die uitgawes en seker maak dat die geld goed bestee word. Die inkomste is in die hand van die Here. Die gemeentes moet die energie in die gemeente gebruik tot uitbreiding van die Koninkryk en nie om fondse in te samel nie."

**Dienie Steenkamp**
**Bloemfontein**

# ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

**SELFSORG-GASTEHUIS, PRINGLEBAAI, WES-KAAP TE HUUR**
Slaap 4 mense
Kom rus in kleindorpie-atmosfeer, loopafstand van strand
R500 per dag
Afslag kan gereël word as u vir meer as 3 nagte bespreek
Spesiale aanbod vir Paasnaweke
Kontak Bettie Richter by 082 499 0211
of stuur e-pos na **richterpringlebay@gmail.com**

## Bybelstudiegids beskikbaar

**'n Bybelstudiegids van dr Gerhard Nel het gedurende Februarie by SENTIK verskyn. Dit is *Bewaar wat aan jou toevertrou is. 'n Bybelstudie oor die briewe aan Timoteus en Titus*. Dit kan ook as preekhulp gebruik word.**

In die vroegste Christelike kerk is jong Christenleiers dikwels aan die diepkant in gemeentes ingegooi. Vandaar die sogenaamde *pastorale briewe*, wat jong Christenleiers raad gee. Drie van hierdie briewe (1 en 2 Timoteus en Titus) is in die Nuwe Testament opgeneem. Daarin gee 'n ervare Christenleier raad aan individuele leiersfigure wat bepaalde amptelike verantwoordelikhede in gemeentes gehad het. Die doel was die oordra van inligting en begeleiding op 'n vertroulike en persoonlike vlak, amper soos 'n pa sy kind sal leer.

Met hierdie Bybelstudie word drie dinge gedoen. In die eerste plek gee 'n karakter in die lewe van Timoteus en Titus 'n gewone lidmaat se belewenis van die sake wat in die pastorale briewe behandel word. Tweedens word 'n kort opsomming gegee van die hoofsake waaroor die briewe handel. Derdens word die leser met vrae persoonlik by die sake betrek. Bybelstudie het eers sin as 'n mens die inhoud daarvan op jou lewe van toepassing maak.

Die outeur, dr Gerhard Nel, is tans predikant in Gemeente Horison Roodepoort.

***** Bestel hierdie Bybelstudiegids van mev Susann van Zyl by die SENTIK-boekwinkel, tel 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of sentik@nhk.co.za. Die boekie kos R30 (posgeld uitgesluit).**




Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 265 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx